KRUISKERK.co.za
gespreksgemeente sonder grense
info@kruiskerk.co.za

*Steek gerus 'n kers aan terwyl jy lees en aanbid.*

**Skriflesing :** Johannes 1:43-51
**Tema :** "Kom kyk …. ! Hoe oop is jou gemoed?

## BROODJIES VIR DIE PAD

"You don't love someone for their looks, or their clothes, or for their fancy car, but because they sing a song only you can hear."
— Oscar Wilde

"I wonder how many people I've looked at all my life and never seen."
— John Steinbeck, The Winter of Our Discontent

"They say that a person's personality is the sum of their experiences. But that isn't true, at least not entirely, because if our past was all that defined us, we'd never be able to put up with ourselves. We need to be allowed to convince ourselves that we're more than the mistakes we made yesterday. That we are all of our next choices, too, all of our tomorrows."
— Fredrik Backman, Anxious People
*Fredrik Backman-His books are published in more than forty countries. He lives in Stockholm, Sweden, with his wife and two children*

"People over forty can seldom be permanently convinced of anything. At eighteen our convictions are hills from which we look; at forty-five they are caves in which we hide."
— F. Scott Fitzgerald, Bernice Bobs Her Hair

"Only the man who has had to face despair is really convinced that he needs mercy. Those who do not want mercy never seek it. It is better to find God on the threshold of despair than to risk our lives in a complacency that has never felt the need of forgiveness. A life that is without problems may literally be more hopeless than one that always verges on despair."
— Thomas Merton, No Man Is an Island

"I believe it will have become evident why, for me, adjectives such as happy, contented, blissful, enjoyable, do not seem quite appropriate to any general description of this process I have called the good life, even though the person in this process would experience each one of these at the appropriate times. But adjectives which seem more generally fitting are adjectives such as enriching, exciting, rewarding, challenging, meaningful. This process of the good life is not, I am convinced, a life for the faint-fainthearted. It involves the stretching and growing of becoming more and more of one's potentialities. It involves the courage to be. It means launching oneself fully into the stream of life. Yet the deeply exciting thing about human beings is that when the individual is inwardly free, he chooses as the good life this process of becoming."
— Carl R. Rogers, On Becoming a Person: A Therapist's View of Psychotherapy

"We're all lonely for something we don't know we're lonely for. How else to explain the curious feeling that goes around feeling like missing somebody we've never even met?"
— David Foster Wallace

"We live in a world that assumes that the quality of a decision is directly related to the time and effort that went into making it...We believe that we are always better off gathering as much information as possible an depending as much time as possible in deliberation. We really only trust conscious decision making. But there are moments, particularly in times of stress, when haste does not make waste, when our snap judgments and first impressions can offer a much better means of making sense of the world. The first task of Blink is to convince you of a simple fact: decisions made very quickly can be every bit as good as decisions made cautiously and deliberately."
— Malcolm Gladwell, Blink: The Power of Thinking Without Thinking

"Do not grow old, no matter how long you live. Never cease to stand like curious children before the Great Mystery into which we were born."
— Albert Einstein

**Tanya van Wyk: Is God se wil of mense s'n hier betrokke?**
Wat is Israel en Palestina? 'n Plek? 'n Idee? 'n Droom? 'n Besitting? Ek was tot nou toe versigtig om daaroor te praat of te skryf – mense se nerwe oor hierdie saak is uiters dun. Daarvan getuig die oormaat beskikbare, sterk geformuleerde menings wat op sosiale media – enige media – die ronde doen. Nie 'n dag gaan verby

nie of ek kry ’n whatsapp oor ’n nuusberig, ’n meningstuk of sosialemedia-kommentaar. Laasgenoemde kry ek gelukkig tweedehands, want my gestel is nie sterk genoeg vir die vitrioel van sosiale media nie.
Hierdie sterk menings het moontlik soos “skietgoed” oor Kersfees-etenstafels en Nuwejaar-braaivleisvure heen en weer gevlieg. Tussen talle rolprente en TV-reekse soek ek ’n wegkomkans en ek haak vas by die 2005-rolprent Kingdom of Heaven. Nie juis ’n wegkomkans nie. Dit trek my tog soos ’n magneet. Ek het dit ’n paar jaar gelede ontdek en byna daarvan vergeet. Ek kyk dit net voor Kersfees 2023. Die woorde van die hoofkarakters spook dae lank by my. Die agtergrond van die rolprent is net nog ’n weergawe van die polariserende¬ oorlog wat nou afspeel – ’n stryd wat byna 3 000 jaar oor Jerusalem heen woed: Babiloniërs, Grieke, Romeine, Omajjadiese en Abbasidiese kalifate, die Christelike Kruistogte, onafhanklikheidsoorloë en ander gevegte van 1948, 1956, 1967, 1973, en aan en aan.
Die hoofkarakter, Balian, word in ’n stryd gedompel wat weerskante aangevuur word deur oortuigings dat “God se wil” geskied. Dié stelling is uiteindelik ’n skaamtelose skuiwergat vir dogmaties-ideologies-politieke motiewe, aan albei kante. Ná ’n groot geveg is ’n Christelike priester doodbenoud omdat Balian die lyke van die gestorwenes wil verbrand om siekte in die stad te voorkom. Die heersende kerkleer van die tyd (aldus die rolprent) het bepaal dat verbrande lyke nie “opgewek” kan word voor die finale oordeelsdag nie. Daarop antwoord Balian: “God sal verstaan – en as God nie verstaan (dat ons die lyke verbrand) nie, is God nie God nie.”
Ek het oor en oor daaroor nagedink omdat ek wonder wat ons alles in die naam van God doen en hoe ver ons sal gaan: gyselaars neem (Hamas), hospitale vernietig, kos en water afsny (Israel). Alles vir eie gewin. Eie dogmatiek. Eie ideologie. Vir alleenbesitreg. Vir mag. Vir beheer. Aan die einde van die rolprent gee Balian die stad Jerusalem oor aan Saladin, die Moslem-heerser, omdat die mense in die stad (almal Christene) se veiligheid en oorlewing daardeur verseker is. Balian vra wat Jerusalem werd is. Saladin antwoord: “Niks! . . . Alles!” Dit is ’n eggo van Balian se woorde vroeër: “Jerusalem behoort aan niemand. Dit behoort aan almal.”
Wie is skuldig? Iemand wil altyd êrens hulself verontskuldig. So, niemand is skuldig nie. Maar eintlik is almal skuldig. Wie verdien genade? Niemand. Almal. Wie “besit” die land? Niemand. Almal. Hoekom hou ons dan aan om tou te trek?
• Van Wyk is medeprofessor in sistematiese teologie by die Universiteit van Pretoria. Die menings van skrywers is hul eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.

---

**BROOD VIR DIE PAD**

Geestelike waardes: Dis hoekom die wyse manne ’n ster gesien het
Op 6 Januarie (of die Sondag naaste daaraan) word in kerke in die Oosterse en die Westerse Christendom die fees van Epifanie liturgies gevier. Die benaming “Epifanie” is afgelei van die Griekse woord wat openbaarmaking of verskyning beteken. Die fokus val – in ooreenstemming met die Kersfees-boodskap – op die verskyning van God in die gestalte van die vleesgeworde Christus.
Een van die Bybeltekste wat tydens Epifanie in die kerkjaar aan die orde gestel word, is die gedeelte oor die sterrekykers van die Ooste (Matteus 2:1-12), ook bekend in die tradisie as die verhaal van die drie wyse manne.
Nadat Jesus in die dae van koning Herodus in Betlehem gebore is, lees ons in vers 2, het die sterrekykers in Jerusalem aangekom en gevra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en gekom om aan Hom hulde te bring.”
In sy bespreking van dié verhaal in sy boek Christmas at the Nativity skryf pous Franciskus dat die sterrekykers mans en vroue van verskillende lewensbeskoulike tradisies kan verteenwoordig wat in die soeke na God en lig op weg gaan. Dit is diegene wat nie toelaat dat hul harte verdoof of deur maghebbers gekaap word nie. Wat in hul soeke na waarheid en geregtigheid deur ’n heilige onrustigheid beweeg word. Wat iets van die afstand tussen Jerusalem en Betlehem beleef. Wat nie ophou om vrae te vra nie.
Na aanleiding van die sterrekykers se op-weg-wees en soeke na waar en in watter vorm die lig verskyn of lewe onthul word, lê die Britse digter Malcolm Guite ’n soortgelyke klem in die laaste reëls van sy sonnet “Epiphany”: “They did not know his name but still they sought him, / They came from otherwhere but still they found; / In temples they found those who sold and bought him, / But in the filthy stable, hallowed ground. / Their courage gives our questing hearts a voice / To seek, to find, to worship, to rejoice.”
In die tyd van Epifanie, ook in 2024, kan ons dus deur verhale soos dié van die sterrekykers van die Ooste herinner word om die soeke na dit wat saak maak nie te laat vaar nie. Om te bly beweeg en met verwagting ons oë gespits te hou, gedagtig aan die woorde van die Griekse kerkvader Johannes Chrysostomus, soos aangehaal deur pous Franciskus: “Die wyse manne het nie vertrek omdat hulle ’n ster gesien het nie; hulle het ’n ster gesien omdat hulle reeds op weg was.” – RRV

*wynandgnel@outlook.com 082 901 5877*